OPTREDE DEUR

1. VERWELKOMING

Die Voorsitter verwelkom die aanwesiges. Minister R F Botha wat in die buiteland is, is met verskoning afwesig.

2. AGENDA-ITEM 1 : NOTULE NR SVR 19/80

Die notule van die vergadering van 27 Oktober 1980 word goedgekeur en onderteken.

3. AGENDA-ITEM 2 : SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen.

4. TOESPRAAK VAN HOOFMINISTER BUTHELEZI OP 5 NOVEMBER 1980 VOOR "CLUB 100", KAAPSTAD

Die Voorsitter lê die teks van bogenoemde toespraak voor die ver= gadering en die Staatsveiligheidsraad besluit dat die Veiligheids= departemente dit moet bestudeer en op die volle konsekwensies daarvan moet ingaan. Veral bladsye 18 en 19 is onstellend.

MINISTER LE GRANGE
DR BARNARD

5. UITBUITING VAN VONNISVERSAGTING

Die Voorsitter lees 'n brief afkomstig vanuit Kanada aan die ver= gadering voor wat daarop dui dat die begenadiging van 'n veroor= deelde in Suid-Afrika (Mange) in die buiteland teen die RSA uitge= buit word.

Die Staatsveiligheidsraad neem kennis dat die versagting van 'n von= nis in Suid-Afrika nie in die buiteland noodwendig 'n goeie uitwerking het nie.

ALMAL

6. ARBEIDSBETREKKINGE

Minister S P Botha verduidelik die huidige stand van sake op die arbeidsterrein en met die registrasie van Swart vakbonde. Die Staatsveiligheidsraad neem kennis.

7. AGENDA-ITEM 3 : AMERIKAANSE PRESIDENTSVERKIESING : BETROKKENHEID VAN VSA-AMBASSADEPERSONEEL IN DIE RSA SE INTERNE SAKE

Die implikasies vir Suid-Afrika van die oorwinning van die Republi= keinse kandidaat, mnr Ronald Reagan, in die Amerikaanse presidents= verkiesing word kortliks bespreek.

Wat die betrokkenheid van VSA-ambassadepersoneel in die RSA se interne sake betref, besluit die Staatsveiligheidsraad om met optrede te wag totdat die nuwe administrasie in Januarie 1981 aan bewind kom. Intussen moet Buitelandse Sake en Inligting nog van alle getuienis voorsien word en sal Buitelandse Sake en Inligting ook van moontlike geleenthede gebruik maak om onopsigtelik by die nuwe bewindhebbers inspraak te kry en wrywingspunte uit te wys.

ALMAL

DR FOURIE

OPTREDE DEUR

8. AGENDA-ITEM 4 : LESOTHO

Dr Fourie doen verslag oor die samesprekings wat minister R F Botha met sy eweknie uit Lesotho, buitelandse minister Molapo, in Pretoria gehad het, en sê dat dit daarop neerkom dat mnr Molapo verskonining gevra het vir sy anti-Suid-Afrikaanse toespraak voor die VN in New York. Die Staatsveiligheidsraad neem kennis. (Kyk notule SVR 18/80: 4(a)).

9. DIALOOG MET ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE)

Die Voorsitter deel mee dat hy briefwisseling met president Siaka Stevens van Sierra Leone, voorsitter van die OAE, gehad het en dat hy hom genooi het om die RSA te besoek. Aangesien die president 'n verklaring aan die pers gemaak het dat hy met Suid-Afrika in aanraking is, besluit die Staatsveiligheidsraad dat aan die pers gesê sal word dat die RSA die beginsel van dialoog met die OAE verwelkom en dat dit egter nie deur die nuusmedia gevoer moet word nie maar deur die normale diplomatieke kanale. DIE VOOR=SITTER

10. SUIDWES-AFRIKA

Dr Fourie doen verslag oor die huidige stand van sake betreffende die onderhandelings met die VN oor Suidwes-Afrika en die moontlikheid van 'n "multiparty" - konferensie in 'n plek soos Gaborone waar die Suid-Afrikaanse afvaardiging onder die leiding van die Administra=teur-generaal en sy adviseurs sal staan. Die Staatsveiligheids=raad neem kennis.

11. AGENDA-ITEM 5 : INPERKING : DR BEYERS NAUDE

Minister Coetsee maak die saak aanhangig na aanleiding van vertoë wat hy ontvang het. Die Staatsveiligheidsraad besluit dat dr Beyers Naude nie nou ontperk word nie maar dat sy ontperking later saam met dié van ander persone wat terselfdertyd in 1977 ingeperk is, oorweeg word. MINISTER COETSEE

Dit word ook besluit dat dr Beyers Naude nie toegelaat kan word om in die buiteland te reis solank sy inperking van krag is nie. As hy toegelaat word om te reis, moet sy inperking opgehef word. MINISTER HEUNIS MINISTER COETSEE

12. AGENDA-ITEM 6 : ORGANISASIE VIR DIE BEDRYF VAN SIELKUNDIGE OORLOG=VOERING

Die Voorsitter is van mening dat, in die afwesigheid van die ver=antwoordelike minister (R F Botha), die dokument getiteld "Voor=stelle vir die daarstelling van 'n organisasie vir die bedryf van sielkundige oorlogvoering" wat as deel van Bylaag 1 met die agenda versprei is, nie in detail deur die Raad bespreek moet word nie.

Die Staatsveiligheidsraad besluit om die Sekretaris se aanbevelings in Bylaag 1 te aanvaar sodat die saak intussen verder gevoer kan word. DIE SEKRE=TARIS